Jeremia 17:7-18 en Johannes 8:1-11 Alleen met Jesus
Johannes 8:9

Geliefdes,
Ons is geneig om dieselfde fout te maak as wat hierdie vrou gemaak het. Sy het gedink dat jy jou sondes kan wegsteek. Maar dit sal nie help nie sê die apostel Paulus aan Timotius in 1Tim5:24 – Ons sondes het voete. Hulle loop. “Party mense sondig so openlik dat hulle sondes hulle vooruitloop na die oordeel.” Nog voor jy voor die regterstoel van God verskyn, is jou sondes al daar. Ander sondes, skryf hy, kom eers later aan die lig. Daar is dus 2 soorte sondes: hardloop sondes en sluip sondes. Jou sondes kom by God se troon wat ook die regterstoel van God is – waar ALLES opgeskrywe word. Wat ons gedoen het, wat ons nie gedoen het nie wat ons moes doen. Daar kom ‘n dag wat ons elkeen voor die regterstoel van God sal moet verskyn, en waar ons geoordeel sal word oor wat ons gesê, gedoen en gedink het.
Daar is ‘n manier om van hierdie oordeel van God vry te kom endit is om by Jesus uit te kom.

Hierdie gebeure vind plaas tydens die Loofhuttefees waartydens daar ‘n groot samedromming van mense is en groot onheilie uitbroei. Hierdie vrou is tydens hierdie fees betrap met owerspel. Die Fariseers en Skrifgeleerdes bring hierdie vrou na Jesus. By Jesus Christus moet elke sondaar uiteindelik uitkom, ook u en ek. Sonder dat die Fariseers en Skrifgelerdes dit weet, bring hulle haar in ongekende seën. Dit is vir haar ‘n voorreg omdat iemand haar by Jesus bring. Dit kan met u en my gebeur – deur ‘n preek, of ‘n persoonlike gesprek of ‘n familielid. Want alleen by Jesus kan jy die oordeel vryspring. By Hom gaan die bron van vergewing vir ‘n mens oop. Daar vind ‘n mens versoening van sonde en die vryspraak van die gerig van God.

Maar die motiewe waarmee die Joodse leiers die vrou na Jesus gebring het was verkeerd. Hulle was sogenaamd verontwaardig oor die sonde van hierdie vrou, maar geen deernis vir die sondares nie. Hulle wou bloot vir Jesus ‘n strik span. Sê Jesus – Stenig haar, verwerp Hy die Romeinse gesag. Laat Hy haar gaan, verwerp Hy die gesag van Moses wat eis dat so ‘n persoon doodgemaak moet word. Nou staan hierdie vrou met haa sonde en die Joodse leiers met hulle sonde voor Jesus. Die vrou was bang, die Joodse leiers was opgewonde want hulle weet in watter situasie Jesus nou is. Nou het hulle Hom net waar hulle Hom wou hê – in ‘n hoek! Hy moet kies – of die Keiser of Moses. Maar dan ontbloot Jesus die sonde. Ook die sonde van skynvroomheid! Ons moenie dink ons kan tot Christus nader met skynvroomheid en met ‘n aangeplakte godsdiens nie. So ontbloot Jesus die Joodse leiers hier voor die skare.
Kyk hoe ontmasker Jesus die Joodse leiers. Hy doen dit op 3 maniere.

- ÿ Sy swye

- ÿ Sy woorde en
- ÿ Hy doen ‘n beroep op hulle gewetens.

Eers doen Jesus dit deur sy swye. Hy skryf op die grond. Wat Hy geskryf het weet ons nie. Maar so gee Hy besinningstyd. (Jer 17:13). Maar hulle soek ‘n antwoord! Jesus breek sy swye en sê: Laat die een wat sonder sonde is die eerste klip gooi. Dit sny soos ‘n mes deur hulle hele wese. Wat doen Jesus? Hy kies duidelik vir Moses – die vrou moet gestenig word. Maar die vonnis mag slegs deur een wat sonder sonde is voltrek word. Dit gryp hulle in hulle gewete. Wat ‘n genadevoorreg dat al kom hulle by Jesus met verkeerde motiewe hulle deur hulle gewete bestraf word. Die gewete is daardie deel van ‘n mens se innerlike waardeur God met jou praat. En God praat met die Joodse leiers en sien ons daardeur sy liefde ook vir die sondaar.
Maar toe hulle Hom hoor, en geen antwoord het nie, en hulle plan nie geslaag het nie, draai hulle om en gaan van Hom af weg. So maak hulle die kloof tussen hulle en Jesus net groter. So gaan dit ook met kerkmense. Hulle hoor die stem van die Here, maar luister nie en gaan van Hom af weg. Hulle staan by die bron van vergewing, maar draai om en so gaan hulle die duisternis in en blokkeer die gemeenskap met God.

Die vrou kon ook stilletjies weggaan, maar sy wag. Jesus skryf weer op die grond om haar ook geleentheid te gee om van Hom af weg te gaan. Maar die Heilige Gees werk in haar hart. Sy besef haar sonde en weet dat sy by die bron van vergifnis staan. By die Een wat sonder sonde is. Dit is geloof, om as veroordeelde met jousonde by Jesus te bly staan. Jesus antwoord haar: Ek veroordeel jou ook nie! Wat het dit Hom nie gekos om dit vir die sondaar te sê nie! Hy het haar sondeskuld op Hom geneem. Hy gaan aan die kruis daardie skuld betaal want Hy gaan die versoening vir haar bewerk.

So ook vir elkeen wat vanmôre hier met sy sonde voor die Here sit. Die versoening is bewerk vir elkeen wat by Jesus Christus en die kruis bly! Die Joodse leiers noem Jesus Rabbi – hulle erken Hom as ‘n Godgeleerde. Die vrou noem Hom Here, en erken Hom as Verlosser. Dit is die verskil. Om God bloot met die verstand te ken as God sonder dat daar geloofsoorgawe in die hart is, is om van Jesus die Christus af weg te draai. Dit is om oop oë die duisternis in te stap!

Geliefdes, kom na Jesus en staan alleen voor Hom met jou sonde. Smeek om vergifnis, bely en sondig nie meer nie. Dan het die Kruis ook jou skuld betaal!
Amen
Ds Human Coetsee